

So was daar b.v. (a) die skole vir slawekinders, (b) die nuwe matrose uit Patria wat aan die Kaap moes oorbly om te herstel, (c) nuwe immigrante uit Nederland, en (d) natuurlik die verskillende amptenare wat gedurig daar gekom en gegaan het.

Om dan net korteliks stil te staan by die skole vir slawekinders en ek dink dan in die eerste plek veral aan die skole wat gestig was, met die doel om aan die slawekinders Nederlands te leer - lees en praat sowel as skrywe. Op die 17e April, 1858 reeds, verskied Jan van Riebeeck in sy Dagverhaal (DI II bls. 374): "Is begonnen ordre te stellen op het schoolhouden voor die Angoolse compagnies-slaven ende slavinne, per schraffeert uijt de Portugese prijs bescomen, welck school te houden des morgens en 's middags, den sieckentrouster Pieter van der Stael van Rotterdam, benoemt tot den dronckenbesoekers-bediening is opgeleijt, dewijl seer goet ende prompt in 't leeren is van vromt Hollants Nederduits, ende omme de gemelte slaven en slavinne tot het school ende hooren off leeren van de Hollantsche geboden te animeren, is mede belast na 't school een croessjen brandewijn ende 2 duijtsche gaten etc." Op die 12de Maart 1861 verskied Jan Riebeeck die volghende (DI III, bls 565/566): "Is yede door den siekentrouster Pieter van der Stael verbaant d'expiratie van desseelvs eerste 5 jarigh verbaant ende ingewolge oock sijn genegentheijt, om noch langer in den dienst van d'Id. Comp^s te

continueeren, ende daerom versoeckende eenige verbeteringe van gagie, vermits ook het sieckenhuys is waarnemende, soo volgens sijn cranckenbesoeckers ampt alsmede regent van 't selve item devoire doet om sommige Hottentots te leeren lesen onse Nederlandsche taal, alsmede des Compless ende haer dienaeren lijffeijsenen-----hem de novo aen te nemen, vermits.... mitgaeders des Compless-slaven ende de Hottentots in de Nederlandsche taal ende Christelijke leere is onderwijssende....." Tenapye van die goeie voornemens en pogings van die Kompanjie en tenapye van die sopie, het Pieter van der Stael egter nie veel uitgerig nie, want om skool te kan hou moet jy die skoliere daar hê. In hierdie verband gee Malherbe 1) die volgende :
 "Pieter van der Stael, the first Sieckentrooster, had no easy task to instruct these semi-barbarous heathens. Coming from West Africa their language was different, and they could not understand their preceptor. Moreover, they had the reprehensible manner of running away. At one time the whole of van der Stael's school played truant for five days. They were found hiding in a cave near Hout Bay. In spite of the efforts of the Commander to regain their interest....the propensity for running away was too strong and the slave school came to an end."

As daar enige invloed uitgegaan het van die slaweskool, wat as stremmende faktor gewerk het, dan

1) Education in South Africa, bls 28, v/nt. 37.

kon dit uit die aard van die omstandighede nie blywend gewees het nie, en die werking daarvan was noodwendig beperk tot 'n baie klein kringetjie.

Ondanks die feit dat die aparte slaweskool misluk het, het die sieketrooster se moed tog nie opgeraak nie. In 1863 1) word daar 'n skool opgerig vir blanke kinders, maar omdat kleur-vooroordeel destyds blykbaar nog nie bestaan het nie, was daar ook 'n aantal slawekinders in hierdie skool aanwesig. Daar was n.l. 17 kinders in die skool waarvan 12 blankes, 1 Hottentot, en 4 slawe was - 'n nie onbelangrike skool vir sy tyd nie as ons daaraan dink dat die volksplanting destyds nog maar taamlik klein was in getal. Daar het dus tog enige invloed, hoe gering ook al, in die vroegste tye uitgegaan van die skole - 'n invloed wat ten gunste van die behoud van Nederlands gewerk het.

In 1878 het die kerk ook 'n skool in die Kaap opgerig vir kleurlingkinders. 2)

In 1885 besoek Kommissaris van Rheede die Kaap. Nadat hy die onwettige geslagsverkeer tussen blanke en slavinne nagegaan het en die nadelige gevolge daarvan vir die Kompanjie, asook die treurige toestand van die slawe en slawekinders, het hy 'n verandering in die bestaande toestande probeer te weeg bring deur voor te skrywe dat slawekinders onderrig

1) Malherbe, Education in South Africa, bls 28, v/nt 38.

2) dies. 30.

in Nederduits moet ontvang, en verder dat basters
vry verklaar moet word na hulle vyfentwintigste jaar,
mits hulle Hollands ken en aangeneem is in die
Kristelike kerk. 1) In die "Instruotie" staan die
volgende : "...tot dien eijnde is nu in dit selfde
quartier opgerigt en ingevoert een school van alle
kinderen beneden de 13 jaeren om daer onderwesen
te worden, in gebeden, catechismus, en gronde van
de religie, so meede leeren leesen, ende de Neder-
duitsche Taal prompt te leeren spreek 2).....Ende
de E. Comp. niet onttrekken het middel om door aen-
teling die slave kinderen in het toekomstende te ont-
vangen, aangesien deselve onder ons opgebragt en in
de religie en Taal onderweesen, tot veel dingen
sullen bequaem weesen.....".....I/s basters na hulle
vyfentwintigste jaar --na welken tijd spreekende de
Nederduitsche Taal en hebbende openlijk gedaen de
belijdenisse van die Christelijke Religie"...sal vry-
gelaat word. (Franken kursiveer orals.) Van Rhee-
de het dus wel deeglik'n poging aangewend om die slawe-
en basterkinderen te kersten en om hulle te verhollands.

Dieselfde poging het hy aangewend in verband met
ingevoerde slawe 3) . In verband hiermee lui sy
instruksie as volg:- ".....dog ingevalle deselve (d.i. die

-
- 1) "Instruotie" Sien Franken, Die Taal van die Slawe-
kinderen en fornikasie met slavinnes, Tydskrif vir
Wetenskap en Kuns, Jaargang VI.
 - 2) Sien ook Theal, Belangrijke Historische Dokumenten,
Dl I, bls 24.
 - 3) dies. bls 41.

slawe) van buijten aengekoemen, den tyd van 30 jaeren, 't sij mannen of vrouwen, wel en trouw hebben gedieft; sprekende prompt de Nederdultsche Taal"..... moet vrygelaat word.

In al hierdie gevalle dus word die kennis van Nederlands, alhoewel soms slegs eers in die tweede plek, as voorwaarde gestel vir die vrylating van slawe. In hoeverre aan hierdie instruksie uitvoering gegee is weet ek nie, maar so 'n voorwaarde sou tog 'n goeie prikkel verskaf het aan die slawe om Nederlands te probeer magtig word. Te hoog sou ek egter die invloed van die skole op die taal van die slawekinders nie skat nie.

Op hoe 'n manier het die taal van die matrose 'n behoudende invloed uitgeoefen? In 1785 deel Mentzell) mee: "From the Texel and the Maas, where the Dutch ships for India are equipped and whence they sail, to the Cape of Good Hope is a distance of 2,100 miles, and from the Cape to Batavia 1,500. On each of these outward bound vessels there are from 230 to 300 men in time of peace, at least one-third of whom are newly enlisted men who are unaccustomed to the sea air and the swaying motion of the ship..... indigestible food ingredients.....and the constantly moist air call, all to soon, diseases which usually attack the newly enlisted men first." "It spreek dan byna vanself dat van die matrose wat by die

1). A Geogr. & Topogr. Description no. blo. 7, 8.

reis na Batavia aan die Kaap agtergebly het om te herstel, die meerderheid wel matrose sal wees wat nog nie in aanraking gekom het met Oosterse tale nie - die bietjie Oosterse woorde wat hulle by die ouer matrose gedurende die reis tot by die Kaap kon optel, sou nie te veel kop wees nie. Hierdie groepies matrose wat agterbly om te herstel, het eintlik 'n direkte invloed uitgeoefen teen die werking van die Oosterse slawetaal wat aan die Kaap gepraat was. Daarenteen egter, het hulle tydelik die verskillende dialektspreekers aan die Kaap vergroot.

Hier moet ons ook rekening hou met die invloed van die taal van die kansel, skool en by die huisgodsdienste. Omdat hierdie groep beter pas onder die verheve spreektaal, sal dit daar uitvoerig behandel word.

Die invloed wat dan uitgegaan het van die groep vryburgers in die algemeen, het in dieselfde rigting gewerk as die invloed wat uitgegaan het van die amptenare. Dit het die dialektvermenging vergroot, dit het die dialektgroepe versterk, dit het ontlening uit Oosterse tale begunstig.

B. ANDER EUROPESE TAALGROEPE.

(a) Die Hoog-Duitsers.

By die behandeling van die soldate het ons gesien hoe die Duitse element aan die Kaap geleidelik toegeneem het, totdat die Duitse element uiteindelik teen die helfte van die 18e eeu sterker was as die Nederlandse. Reeds in 1656 al het die

Duitse element onder die koloniste bestaan uit 19 uit 133, d.i. 14.1) In 1803 sê Lichtenstein 2): "The number of Germans in the colony of the Cape alone is pretty considerable".

Boeman 3) reken dan ook terug dat die invloed van die Duitsers groter moes gewees het as wat vermoed word. Dit is egter moeilik om uit te maak wat ons aan die Duitse element moet toeskrywe en wat nie, omdat die Duitse (plat) dialekte baie naby die Nederlandse dialekte staan.

Dat die Duitsers nie 'n groter invloed uitgeoefen het op die taal van die koloniste nie, kan ons deels daaraan toeskrywe dat die Duitse element baie maklik saamgesmelt het met die Nederlandse, omdat by gebrek aan Duitse vrouens, die Duitsers gewoonlik met die Hollandse (Kaapse) vrouens getrou het. Daarby kom dan nog dat die Duitsers van destyds weens die ekonomiese druk in hulle vaderland, nie eintlike 'n besondere rede gehad het om hulle nasionaliteit te probeer handhaaf. nie. In 1803 sê Lichtenstein (t.a.p. I bls. 6307):- "Dagegen finde ich an ihnen zu tadeln, dass sie ihr Vaterland und die vaterländischen Sitten ganz vergessen, selbst in der Capstadt halten (einen Kreis sehr liebenswürdiger deutscher familien ausgenommen,) die Deutschen wenig zusammen, sprechen selbst unter einander holländisch und empfangen einen Landsman nicht mit mehr Freude und Herzlichkeit, als jeden andern Ehrenman."

-
- 1) Sien Colenbrander, Afkomst der Boeren 125.
 - 2) Reisen in Südlichen Africa - 630.
 - 3) Oor die Ontstaan van Afrikaans bls. 114.

As goeie voorbeeld van 'n Duitser wat sy nasionaliteit verloor het dien Auge. Hy was gebore in Stollberg 1711, het na Holland verhuis voordat hy eenentwintig was, en het na die Kaap toe gekom in 1747. Toe Lichtenstein hom besoek het (t.a.p. bls 133/4) was hy al 93 jaar oud. Lichtenstein vertel van hom op bls. 136: "He had almost entirely forgotten his native tongue, and spoke the corrupted Dutch of the colonists."

Dit verklaar dan ook vir ons waarom Sparrman 1) in 1772 kon sê: "I had made a shift to pick up a little German in my voyage from Gottenburgh to the Cape; but this was of very little service, either towards making myself understood in this place, or towards my understanding a Dutchman in his language. My host was incessantly propounding his questions to me, as well as he would, in the German Language." Hierdie aanhaling uit Sparrman bewys hoofsaaklik net hoe die kennis van Duits aan die Kaap self was.

Die verhouding in getalle van die Duitse element aan die Kaap, tot die ander elemente, al neem ons ook aan dat die Duitsers nie besonder aktief was om hulle taal en kultuur te bestendig nie, was egter so sterk ten gunste van die Duitsers, dat ons Duitsers die Duitse dialekte nie buite rekening kan laat as taalvormende en taalvervormende faktore nie. Die ver- naamste invloed van die Noord-Duitse groep het heel waarskynlik geskuil in die Vreemdelinge-Nederlands

1) A Voyage to the Cape of Good Hope, dl I, bl14/15.

As goeie voorbeeld van 'n Duitser wat sy nasionaliteit verloor het dien Auge. Hy was gebore in Stollberg 1712, het na Holland verhuis voordat hy eenentwintig was, en het na die Kaap toe gekom in 1747. Toe Lichtenstein hom besoek het (t.a.p. bls 133/4) was hy al 93 jaar oud. Lichtenstein vertel van hom op bls. 136: "He had almost entirely forgotten his native tongue, and spoke the corrupted Dutch of the colonists."

Dit verklaar dan ook vir ons waarom Sparrman 1) in 1772 kon sê: "I had made a shift to pick up a little German in my voyage from Gottenburgh to the Cape; but this was of very little service, either towards making myself understood in this place, or towards my understanding a Dutchman in his language. My host was incessantly propounding his questions to me, as well as he would, in the German Language." Hierdie aanhaling uit Sparrman bewys hoofsaaklik net hoe die kennis van Duits aan die Kaap self was.

Die verhouding in getalle van die Duitse element aan die Kaap, tot die ander elemente, al neem ons ook aan dat die Duitsers nie besonder aktief was om hul eie taal en kultuur te bestendig nie, was egter so sterk ten gunste van die Duitsers, dat ons Duitsers die Duitse dialekte nie buite rekening kan laat as taalvormende en taalvervormende faktore nie. Die ver- naamste invloed van die Hoog-Duitse groep het heel waarskynlik geskuil in die Vreemdelinge-Nederlands

1) A Voyage to the Cape of Good Hope, dl I, bl14/15.

wat hulle gepraat het.

Wat was nou die gevolg van die taal- en dialekvermenging aan die Kaap? In hierdie verband sê Bosman: "Al kan ons in hierdie verband alleen maar gissinge en veronderstellings opper, moet die gevolg van dialekvermengings (en sluit maar taalvermenging daarby in A.J.G.) vir die verder ontwikkeling van Afrikaans nie onderskat word nie. Veral in die eerste jare moet hierdie faktor 'n belangrike werking in die rigting van vereenvoudiging gehad nie alleen nie, maar 'n gevoel van onsekerheid in die lewe geroep het, wat later gelykmakings in die hand moes gewerk en bevorder het."

(5) DIE FRANSE.

Die invloed van Frans kan oor twee periodes verdeel word. Die eerste kry ons n.l. in 1688 en volgende jare met die kom van die Franse Hugenote aan die Kaap. As taalvormende faktor is hierdie groep vir ons van die meeste belang. Die tweede periode kry ons met die aanwesigheid aan die Kaap vir ongeveer 4 jaar van 'n sterk Franse garnisoen in 1781-4. Dieminvloed wat van hierdie garnisoen af uitgegaan het, was egter nie blywend van aard nie,

1) Oor die Ontstaand van Afrikaans, bls. 113.

en het weer verdwyn met die vertrek van die garni-
soon. Die uitwerking was meer oppervlakkig van
aard en as taalvormende faktor kon dit toe nie meer
invloed gehad het nie. In 1785 skryf Mentsel 1):
"Abbe la Caille records that French had died out
among the Huguenots in the second generation and is
therefore now unknown to their descendants. In the
letter quoted above (1783 - Berliner Monatschrift)
it is stated that ladies at the Cape are well versed
in French and English. As regards French I cannot
now speak with authority, since the presence of a
French garrison (1781-4) must have provided facilities
for acquiring this tongue. I cannot see, however,
why they should know more English today than in my
time when their entire accomplishments in this
respect consisted in repeating parrotwise, like a
nun the psalter, a few conventional phrases of greet-
ing and parting. Such phrases count for nothing.
Real intercourse with foreigners is very much of a
dumb show: gestures and nods take the place of speech".

Ons bepaal ons sander dus hoofsaaklik by die
Franse Hugenote van 1688.

-
- 1) A Geographical and Topographical Description.
bls. 142/3.

Wat getalsterkte betref het die nuwe groepie goed vergelyk met die getal reeds gevestigde koloniste in 1708 deel John Maxwell meel): "They (the French) are about 120 families 2), and have one minister between both villages, a Dutchman who speaks French". Malherbe 3) deel mee dat die Hugenote omtrent 1/8 ste van die hele bevolking uitgemaak het. Calenbrander 4) bereken dat die boere vir 17 1/2% van die Franse afstam. Wat getalsterkte betref, kan ons die Franse beskou as die derde sterkste Wes-Europese groep aan die Kaap.

Ons sou natuurlik verwag dat so 'n groep, wat tewens ook so te se gelyktydig aan die Kaap land, se taal 'n taamlike mate van invloed moes gehad het op die taal van die Koloniste. Dat die invloed maar egter uiteraer beperk gebly het is in die heel eerste plek toe te skrywe aan die politiek wat die Kompanjie teenoor die mense gevolg het. Die Kompanjie was natuurlikerwyse bang dat die Kaap sou verfrans en het derhalwe goeie foorsorgmaatreëls geneem. Hierbo het ons alreeds gesien dat die Hugenote 'n Hollandse predikant gehad het wat Frans kon praat.

-
- 1) Betha, Collectanea, bls 53.
 - 2) Bosman, Oor die Ontstaan van Afrikaans bls 120, "170 siele".
 - 3) Education in South Africa bls 27.
 - 4) De Afkomst der Boeren bls. 111.

Een van die voorsorgmaatreëls was natuurlik om gelyktydig 'n baie groot getal Hollandse koloniste uit te stuur na die Kaap toe. Theal 1): "While making such effort to procure Huguenot emigrants, however, the directors had no intention of making the Cape a French Colony. Owing to the competition arising from the influx of such numbers of refugees, it was now less difficult than it had hitherto been to obtain emigrants of Dutch blood, of whom more families than of French origin were being sent out at the same time, so that these, together with the settlers already in South Africa, would absorb the foreign element without undergoing any change. At no time did the French exceed in number one-sixth of the colonists, or one-eighth of the whole European population, the Company's servants included (I, p 328)". Ten dele is hulle ook onder die Hollanders versprei. Op bladsye 11, 2, 3, 4 en 15 gee Pettman 2) 'n taamlik breedvoerige uiteensetting van die strenge maatreëls wat teen die Huguenote geneem is om te verhoed dat hulle taal die landstaal sal word.

Die uitwerking van dit alles was natuurlik dat die Franse met hulle taal, binne twee geslagte aan die Kaap heeltemal geassimileer was. Op bladsy 100 verklaar Mentzel 3): "The descendants of the French Refugees

-
- 1) Sien Bosman, Oor die Ontstaan van Afrikaans, bls 121, hy kursiveer.
 - 2) Africanderisms.
 - 3) Sien: Malherbe, Educ. In S. Africa, bls 26/7; Pettman, Africanderisms, bls 12; Franken, Huisgenoot, 40kt 1929, Mentzel, A Geographical and Topographical Description, bls 142/3.

have mingled completely with the other elements in the population, and none of them know French today".

In 1803 skrywe Lichtenstein 1): "Thus among the names of the principal families, we hear those of Rousseau, de Villiers, Joubert, Desmarests, Menard, le Roux, Malan, Villon, Retif, Jourdan, Malherbe, etc. etc. Not a name belonging to the original French settlers is lost, though a few of Dutch and German origin have mingled among them; but the language and the customs of the mother country are wholly forgotten, and even the names are not retained in pure French 3) ; they are written and pronounced after the Dutch manner. The history of their descent, moreover, is retained only as a general tradition; but not any of the minute circumstances attending this migration of their ancestors are now to be retraced 3) . In their features, in their figure, in their whole deportment, nothing of the French national character is to be discerned: intermarriages among the families of Dutch, of Germans and of Danes, have changed their nature entirely: like all other settlers here, they have become entirely Africans".

In 1780 al het la Vaillant 2) gesê : " I have

1) Travels in South Africa bls. 95/8.

2) Travel into the Interior Parts of Africa, dl I, bls 82/3.

3) Sleghs ten dele waar. Sien die volgende aanhaling uit la Vaillant.

Author Coetzee A J

Name of thesis Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue 1930

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.